1/11/36

# Kampe in Kruger-wildtuin Word nou Pragtig Verfraai



MNR. GERARD MOERDYK.

## VANAF 30 MEI OOPGESTEL

## Verbeterings Op Talle Plekke

Die Kruger-wildtuin word vanjaar op 30 Mei oopgestel. Gewoonlik is die pragtige natuuroord vanaf 31 Mei vir die publiek oop, maar omdat dié dag vanjaar op 'n Sondag val, het die Kuratore dit goed gedink om die Wildtuin 'n dag vroeër oop te verklaar met die oog op vakansiegangers wat gedurende daardie naweek dié vakansie-oord 'n besoek wil bring.

Die kamp by Pretoriuskop, wat die hele jaar deur vir besoekers oop is, word langsamerhand die spogkamp van die Wildtuin. Onder toesig van mnr. Gerard Moerdyk, die argitek, word tans hard gewerk om die kamp te ve[illegible]aai. O.m. word dit met sierbome beplant waaronder een van die mooiste van die laeveld, die Rooibosvlam. By Onder-Sabie word vir 'n tydelike ruskamp voorsiening gemaak. Die bedoeling is eintlik om 'n permanente kamp aan die linkeroewer van die rivier aan te lê, maar aangesien die pad-brug nie betyds vir die aanstaande seisoen klaar sal wees nie, is die plan tydelik uitgestel.

By Malelena sal die bestaande kamp enigsins vergroot word en aan die oppasser, mnr. Kröger, word die geleentheid gebied om 'n voorraad toeriste-benodighede aan te hou.

Met die oog op die verwoestende veldbrande wat vanjaar aan die oosterkant van die Wildtuin uitgebreek het, sal voorbrande aan die hele oostergrens van die Wildtuin ná die seisoen aangebring word.